

# Dinsdag 9 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 20:1-17

Fokusgedeelte: Eksodus 20:7

## **Moenie die Naam van God misbruik nie!**

So baie hoor ons hierdie gebod. Sondag na Sondag luister ons hoe die wet van die HERE voorgehou word aan die gemeente. Maar wat doen ons as ons werklik gekonfronteer word met misbruik van die HERE se Naam? God se Naam is kosbaar! En as iets kosbaar is, dan hanteer jy dit met respek. As iets vir jou kosbaar is, dan sien jy om na hierdie item, wat dit ook al mag wees. God se Naam moet gerespekteer word in alle omstandighede.

Hierdie woorde is baie bekend vir gelowiges. Dit gaan daaroor dat ons nie God se Naam met disrespek moet gebruik nie. Die gebed wat Jesus vir sy dissipels leer, wys ons dat God se Naam geheilig moet word en nie misbruik word nie.

Kyk na dit wat jy beleef elke dag – word die HERE se Naam misbruik op plekke in jou lewe? As ons net kyk na die sosiale media en na televisieprogramme, dan beleef ons dit keer op keer. Ons beleef dat mense nie meer respek het vir die Naam van God nie. Sommige mense gebruik God se Naam as 'n stopwoord of selfs 'n vloekwoord.

Wat maak as ons dit dan hoor? Is ons reaksie net “Ag nee! Ek kan dit nie glo nie!” en dan kyk ons maar verder? Of skakel ons die program af? Wat maak as iemand in 'n gesprek die Naam van die HERE misbruik? Ons kan nie stilbly nie! Ons het 'n verantwoordelikheid om hierdie kosbare Naam van die HERE te beskerm. Laat ons die HERE se Naam ook as heilig beskou in alles wat ons doen en sê.

*Sing: Psalm 33-2:1, 7*

*Ds. PW Smit (Wouter) Vereeniging*